*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*


# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 10c Price**
**Oorsee 15c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

VOL. 81.] KAAPSTAD, 15 MAART 1972. CAPE TOWN, 15TH MARCH, 1972. [No. 3415.


DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

No. 402. 15 Maart 1972.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 9 van 1972: Wet op Nasionale Verkeersveiligheid, 1972.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 402. 15th March, 1972.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 9 of 1972: National Road Safety Act, 1972.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# WET

**Om verkeersveiligheid te bevorder; om vir dié doel 'n nasionale verkeersveiligheidsraad en 'n sentrale verkeersveiligheidsfonds in te stel; om die Wet op die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad, 1960, te herroep; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

(*Engelse teks deur die Staatspresident geteken.*)
(*Goedgekeur op* 9 *Maart* 1972.)

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

Woordomskrywing.

**1.** Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Wet—

(i) „Bestuurskomitee" die bestuurskomitee by artikel 9 ingestel; (vi)
(ii) „Direkteur" die Direkteur vermeld in artikel 4; (ii)
(iii) „Fonds" die fonds kragtens artikel 15 ingestel; (iv)
(iv) „heffing" die heffing by artikel 25 opgelê; (v)
(v) „Minister" die Minister van Vervoer; (vii)
(vi) „Nasionale Vervoerkommissie" die Nasionale Vervoerkommissie benoem kragtens artikel 3 van die Wet op die Koördinering van Vervoer, 1948 (Wet No. 44 van 1948); (viii)
(vii) „Padveiligheidsraad" die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad ingestel by artikel 2 van die Wet op die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad, 1960 (Wet No. 1 van 1960); (xii)
(viii) „Raad" die Nasionale Verkeersveiligheidsraad by artikel 2 ingestel; (i)
(ix) „regulasie" 'n regulasie kragtens hierdie Wet uitgevaardig; (x)
(x) „Republiek" ook 'n gebied ten opsigte waarvan die Parlement wetgewende bevoegdheid besit; (xi)
(xi) „Staatsdiens" die Staatsdiens soos in artikel 3 van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), omskryf; (ix)
(xii) „vasgestelde datum" die datum van inwerkingtreding van hierdie Wet. (iii)

Instelling van Nasionale Verkeersveiligheidsraad.

**2.** Hierby word 'n regspersoon met die naam Die Nasionale Verkeersveiligheidsraad ingestel.

Samestelling van Raad.

**3.** (1) Die Raad bestaan uit twaalf lede van wie—

(*a*) vier deur die Minister aangestel word, van wie—

(i) een iemand moet wees wat, volgens die oordeel van die Minister, oor besondere kennis met betrekking tot verkeersveiligheid beskik op grond van opleiding en ervaring;
(ii) een benoem word deur die Verenigde Munisipale Bestuur van Suid-Afrika; en
(iii) een as voorsitter en een as adjunk-voorsitter deur die Minister aangewys word;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# ACT

**To promote road safety; for that purpose to establish a national road safety council and a central road safety fund; to repeal the South African Road Safety Council Act, 1960; and to provide for matters connected therewith.**

(*English text signed by the State President.*)
(*Assented to 9th March,* 1972.)

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Definitions.

**1.** In this Act, unless the context otherwise indicates—
(i) "Council" means the National Road Safety Council established by section 2; (viii)
(ii) "Director" means the Director mentioned in section 4; (ii)
(iii) "fixed date" means the date of commencement of this Act; (xii)
(iv) "Fund" means the fund established under section 15; (iii)
(v) "levy" means the levy imposed by section 25; (iv)
(vi) "Managing Committee" means the managing committee established by section 9; (i)
(vii) "Minister" means the Minister of Transport; (v)
(viii) "National Transport Commission" means the National Transport Commission appointed under section 3 of the Transport (Co-ordination) Act, 1948 (Act No. 44 of 1948); (vi)
(ix) "public service" means the public service as defined in section 3 of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957); (xi)
(x) "regulation" means a regulation made under this Act; (ix)
(xi) "Republic" includes any territory in respect of which Parliament is competent to legislate; (x)
(xii) "Road Safety Council" means the South African Road Safety Council established by section 2 of the South African Road Safety Council Act, 1960 (Act No. 1 of 1960). (vii)

Establishment of National Road Safety Council.

**2.** There is hereby established a juristic person under the name The National Road Safety Council.

Constitution of Council.

**3.** (1) The Council shall consist of twelve members of whom—
(*a*) four shall be appointed by the Minister of whom—
(i) one shall be a person who, in the opinion of the Minister, commands special knowledge with regard to road safety on account of training and experience;
(ii) one shall be nominated by the United Municipal Executive of South Africa; and
(iii) one shall be designated by the Minister as chairman and one as deputy chairman;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(b) vyf lede is van die uitvoerende komitees van die vier provinsies en die gebied Suidwes-Afrika, wat elk deur die betrokke uitvoerende komitee aangewys word om in die Raad te dien.
(c) drie onderskeidelik die Sekretaris van Vervoer, die Sekretaris van Justisie en die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Polisie is.

(2) 'n Lid van die Raad, uitgesonderd 'n lid bedoel in subartikel (1) (b) of (c), word aangestel vir die tydperk (maar hoogstens vyf jaar) en op die voorwaardes wat die Minister ten tyde van die aanstelling bepaal: Met dien verstande dat die Minister, indien daar na sy oordeel gegronde redes daarvoor bestaan, die dienste van so 'n lid te eniger tyd voor die verstryking van sy ampstermyn kan beëindig.

(3) Die tydperke en voorwaardes bedoel in subartikel (2) kan verskillend ten opsigte van verskillende persone wees, en dié voorwaardes word in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

(4) Indien daar om enige rede 'n vakature in die Raad ontstaan, kan die Minister ooreenkomstig die bepalings van subartikels (1), (2) en (3) iemand aanstel om die vakature te vul.

(5) Iemand wie se ampstermyn as lid van die Raad verstryk het, kan weer aangestel word.

Direkteur van Nasionale Verkeersveiligheidsraad.

**4.** Die Minister stel iemand as Direkteur van die Nasionale Verkeersveiligheidsraad aan, en hy oefen die bevoegdhede uit en vervul die pligte wat die Raad hom verleen of oplê, en ontvang die vergoeding en toelaes wat die Minister in oorleg met die Minister van Finansies bepaal.

Doelstelling van Raad.

**5.** Die doelstelling van die Raad is die bevordering van verkeersveiligheid in die Republiek.

Werksaamhede van Raad.

**6.** Die Raad moet—
(a) 'n omvattende navorsingsprogram om verkeersveiligheid te bewerkstellig, opstel, dit stelselmatig uitvoer, na oorlegpleging met die Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad en die Nasionale Vervoerkommissie aangaande die volgorde van uitvoering van dié program, en, as deel van die uitvoering van daardie program, navorsingsprojekte toewys aan persone wat, volgens die oordeel van die Raad, die beste toegerus is om dit uit te voer;
(b) die versameling van inligting in verband met verkeersveiligheid, en die beskikbaarstelling daarvan aan belanghebbende owerhede en persone en die publiek in die algemeen, onderneem;
(c) voorligting betreffende verkeersveiligheid gee deur middel van die reël van kongresse, simposia, somerkursusse en studieweke, deur middel van massakommunikasiemedia en op enige ander wyse wat die Raad goedvind;
(d) oorleg pleeg met owerhede en persone wat belang by 'n verkeersveiligheidstelsel het ten einde die Minister behulpsaam te wees met die koördinering en aktivering van die bestryding van verkeersongelukke;
(e) op versoek van die Minister ondersoek doen na, en verslag en aanbevelings doen oor, enige aangeleentheid wat binne die oogmerke van hierdie Wet val;
(f) die ander take verrig wat binne die oogmerke van hierdie Wet val en wat die Minister die Raad oplê;
(g) aanbevelings by die Minister doen oor die uitvoering van 'n besluit wat die Raad geneem het, maar waaraan daar nie gevolg gegee word of om die een of ander regsrede nie gevolg gegee kan word nie.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*b*) five shall be members of the executive committees of the four provinces and the territory of South-West Africa, each designated by the executive committee concerned to serve on the Council;

(*c*) three shall be the Secretary for Transport, the Secretary for Justice and the Commissioner of the South African Police, respectively.

(2) A member of the Council, other than a member referred to in subsection (1) (*b*) or (*c*), shall be appointed for such period (not exceeding five years) and on such conditions as the Minister may determine at the time of the appointment: Provided that the Minister may, if in his opinion there exist sufficient reasons therefor, terminate the services of any such member at any time before the expiry of his period of office.

(3) The periods and conditions referred to in subsection (2) may differ in respect of different persons, and such conditions shall be determined in consultation with the Minister of Finance.

(4) If for any reason a vacancy occurs on the Council, the Minister may in accordance with the provisions of subsections (1), (2) and (3) appoint a person to fill the vacancy.

(5) A person whose period of office as a member of the Council has expired, shall be eligible for reappointment.

**Director of National Road Safety Council.**

**4.** The Minister shall appoint a person as Director of the National Road Safety Council who shall exercise the powers and perform the duties conferred or imposed upon him by the Council, and shall receive the remuneration and allowances determined by the Minister in consultation with the Minister of Finance.

**Object of Council.**

**5.** The object of the Council shall be the promotion of road safety in the Republic.

**Functions o Council.**

**6.** The Council shall—

(*a*) prepare a comprehensive research programme to effect road safety, carry it out systematically after consultation with the Council for Scientific and Industrial Research and the National Transport Commission as to the sequence of the carrying out of such programme, and, as part of the carrying out of that programme, assign research projects to persons who, in the opinion of the Council, are best equipped to carry them out;

(*b*) undertake the collection of information in connection with road safety and the making available thereof to authorities and persons concerned and the public generally;

(*c*) give guidance regarding road safety by means of the organizing of congresses, symposiums, summer schools and study weeks, by means of mass-communication media and in any other manner deemed fit by the Council;

(*d*) consult with authorities and persons concerned in a road safety system in order to assist the Minister in the co-ordination and activation of the combating of road accidents;

(*e*) at the request of the Minister enquire into, and report and make recommendations on, any matter falling within the objects of this Act;

(*f*) perform such other tasks falling within the objects of this Act as the Minister may impose upon the Council;

(*g*) make recommendations to the Minister on the carrying out of a resolution passed by the Council but to which no effect is given or for some legal reason no effect can be given.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Bevoegdhede van Raad.

7. Ten einde sy doelstelling te bereik en sy werksaamhede te verrig, kan die Raad—

(a) persone wat, na die oordeel van die Raad, oor toepaslike opleiding en ervaring beskik, as beamptes en werknemers van die Raad aanstel;
(b) roerende en onroerende goed koop of verkoop of op 'n ander wyse verkry of van die hand sit, of huur, verhuur of verhipotekeer;
(c) rekenings by bankinstellings open en vir bankoortrekkings reël;
(d) geld wat nie vir onmiddellike gebruik of as 'n redelike bedryfsbalans nodig is nie, belê by die Staatskuldkommissarisse of op die ander wyse wat die Minister gelas;
(e) publisiteitsmateriaal, met inbegrip van rolprente, vervaardig of verkry vir verspreiding deur homself of iemand anders;
(f) navorsing in verband met verkeersveiligheid finansier;
(g) deur middel van die pers- en radiowese en televisie, inligting in verband met verkeersveiligheid versprei;
(h) 'n tydskrif ter bevordering van verkeersveiligheid uitgee, en vergoeding betaal vir wat daarin opgeneem word;
(i) die dienste van reklame-instellings vir die bevordering van verkeersveiligheid bekom;
(j) plaaslike owerhede wat nie oor die nodige personeel daarvoor beskik nie, help met die uitlê van terreine vir die opleiding van leerling-motorvoertuigbestuurders;
(k) help met die daarstelling van opleidingsgeriewe vir motorvoertuigbestuurders in die gevalle waar dit nie deur die een of ander owerheid voorsien word nie;
(l) leiding gee aan verenigings of liggame van persone wat doelstellings soortgelyk aan dié van die Raad het;
(m) kongresse, simposia, somerkursusse en studieweke reël en, indien nodig, die koste van die voorbereidsels daarvoor betaal, en persone wat daarby optree, vergoed;
(n) met die goedkeuring van die Minister enige ander stappe doen wat nodig is om sy doelstelling te verwesenlik.

Vergaderings van Raad.

8. (1) Die Raad vergader op die tye en plekke wat die voorsitter of, indien hy afwesig is, die adjunk-voorsitter bepaal, maar minstens vier keer per jaar.

(2) By alle vergaderings van die Raad moet die voorsitter of, indien hy afwesig is, die adjunk-voorsitter voorsit, en indien die voorsitter sowel as die adjunk-voorsitter by 'n vergadering van die Raad afwesig is, kies die aanwesige lede iemand uit hul midde om op dié vergadering voor te sit.

(3) Die beslissing van 'n meerderheid van die lede van die Raad wat op 'n vergadering van die Raad aanwesig is, maak 'n besluit van die Raad uit, en by staking van stemme oor enige aangeleentheid, het die persoon wat op die betrokke vergadering voorsit, benewens sy beraadslagende stem ook 'n beslissende stem.

Instelling en samestelling van Bestuurskomitee.

9. (1) Daar is 'n Bestuurskomitee wat bestaan uit—

(a) die voorsitter van die Raad, wat ook voorsitter van die Bestuurskomitee is;
(b) die adjunk-voorsitter van die Raad, wat ook adjunkvoorsitter van die Bestuurskomitee is; en
(c) die lid van die Raad in artikel 3 (1) (a) (i) bedoel.

(2) 'n Lid van die Bestuurskomitee hou op om lid daarvan te wees as hy ophou om 'n lid van die Raad te wees.

Bevoegdhede van Bestuurskomitee.

10. Gedurende tydperke tussen vergaderings van die Raad, en behoudens die voorskrifte wat die Raad van tyd tot tyd uitreik, verrig die Bestuurskomitee al die werksaamhede van

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**Powers of Council.**

**7.** In order to achieve its object and to perform its functions the Council may—

(*a*) appoint as officers and employees of the Council persons who, in the opinion of the Council, command appropriate training and experience;

(*b*) purchase or sell, or acquire or dispose of in any other manner, or hire or let or hypothecate any movable or immovable property;

(*c*) open accounts with banking institutions and arrange for bank overdrafts;

(*d*) invest with the Public Debt Commissioners or in such other manner as the Minister may direct, any moneys not required for immediate use or as a reasonable working balance;

(*e*) produce or acquire publicity material, including films, for dissemination by itself or any other person;

(*f*) finance research in connection with road safety;

(*g*) disseminate information in connection with road safety by means of the press, the radio and television;

(*h*) publish a periodical to promote road safety and pay rewards for matter inserted therein;

(*i*) obtain the services of advertising institutions for the promotion of road safety;

(*j*) assist local authorities which do not have the necessary staff therefor, in the laying out of grounds for the training of learner motor vehicle drivers;

(*k*) assist in providing training facilities for motor vehicle drivers in cases where such facilities are not provided by some authority;

(*l*) give guidance to associations or bodies of persons having objects similar to those of the Council;

(*m*) organize congresses, symposiums, summer schools and study weeks and, if necessary, pay the costs of the preparations therefor, and remunerate persons performing thereat;

(*n*) with the approval of the Minister, take any other steps that may be necessary to achieve its object.

**Meetings of Council.**

**8.** (1) The Council shall meet at such times and places as the chairman or, if he is absent, the deputy chairman may determine, but not less than four times per year.

(2) The chairman or, if he is absent, the deputy chairman shall preside at all meetings of the Council, and if both the chairman and the deputy chairman are absent from a meeting of the Council, the members present shall elect a person from among themselves to preside at such meeting.

(3) The decision of a majority of the members of the Council present at a meeting of the Council shall constitute a decision of the Council, and in the event of an equality of votes on any matter, the person presiding at the meeting in question shall have a casting vote in addition to his deliberative vote.

**Establishment and constitution of Managing Committee.**

**9.** (1) There shall be a Managing Committee consisting of—

(*a*) the chairman of the Council, who shall also be chairman of the Managing Committee;

(*b*) the deputy chairman of the Council, who shall also be deputy chairman of the Managing Committee; and

(*c*) the member of the Council referred to in section 3 (1) (*a*) (i).

(2) A member of the Managing Committee shall cease to be a member thereof if he ceases to be a member of the Council.

**Powers of Managing Committee.**

**10.** During periods between meetings of the Council, and subject to such directions as the Council may give from time to time, the Managing Committee shall perform all the functions,

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



die Raad, en oefen hy al die bevoegdhede van die Raad uit, maar hy het nie die bevoegdheid, behalwe vir sover die Raad anders gelas, om 'n besluit van die Raad ter syde te stel of te wysig nie.

Vergaderings van Bestuurskomitee.

**11.** (1) Die Bestuurskomitee vergader op die tye en plekke wat die voorsitter of, indien hy afwesig is, die adjunk-voorsitter van die Bestuurskomitee bepaal.

(2) By alle vergaderings van die Bestuurskomitee moet die voorsitter van die Bestuurskomitee of, indien hy afwesig is, die adjunk-voorsitter van die Bestuurskomitee voorsit.

(3) Die beslissing van ten minste twee lede van die Bestuurskomitee maak 'n besluit van die Bestuurskomitee uit.

Geldigheid van handelinge en besluite van Raad en Bestuurskomitee.

**12.** Geen handeling of besluit van die Raad of Bestuurskomitee is ongeldig nie, slegs vanweë die feit dat iemand wat daarop geregtig was om kennis van 'n vergadering van die Raad of Bestuurskomitee te kry, nie sodanige kennis gekry het nie, of slegs vanweë die feit dat iemand wat onbevoeg was om 'n lid van die Raad of die Bestuurskomitee te wees, of in wie se aanstelling daar een of ander gebrek was, as 'n lid van die Raad of Bestuurskomitee, na gelang van die geval, opgetree het toe daardie handeling verrig of daardie besluit geneem is, hetsy so iemand se instemming vir die verrigting van daardie handeling of die neem van daardie besluit nodig was of nie.

Besoldiging en toelaes van lede van Raad en Bestuurskomitee, en Direkteur.

**13.** (1) Die Raad betaal die besoldiging en toelaes van die lede van die Raad en die Bestuurskomitee en van die Direkteur, uitgesonderd die besoldiging van so iemand wat 'n lid van die Staatsdiens is.

(2) (*a*) Aan 'n lid van die Raad of die Bestuurskomitee wat 'n lid van die Staatsdiens is, of aan die Direkteur, indien hy so 'n lid is, mag daar nie ten opsigte van dienste deur hom verrig, besoldiging betaal word bo en behalwe sy salaris as lid van die Staatsdiens nie, en daar mag ook nie aan so iemand wat 'n lid van die Staatsdiens is, 'n toelae ten opsigte van verblyf- en reiskoste betaal word teen 'n hoër skaal as dié wat op hom, as lid van die Staatsdiens, van toepassing is nie.

(*b*) Indien die Minister, na oorleg met die Minister van Finansies, van oordeel is dat so 'n lid al sy tyd of 'n aansienlike deel van sy tyd aan sy werksaamhede as 'n lid van die Raad of die Bestuurskomitee of as Direkteur bestee, kan die Minister, na sodanige oorleg, gelas dat die Raad die besoldiging wat aan so iemand as 'n lid van die Staatsdiens betaal word, of soveel daarvan as wat die Minister na sodanige oorleg bepaal, aan die Staat vergoed.

Oorgang van bates, regte, laste en verpligtinge van die Padveiligheidsraad na die Raad.

**14.** Vanaf die vasgestelde datum word al die bates, regte, laste en verpligtinge van die Padveiligheidsraad, behoudens die bepalings van hierdie Wet en sonder betaling van hereregte, seëlregte of ander gelde, bates, regte, laste en verpligtinge van die Raad, en word elke verwysing in 'n wet of dokument na eersgenoemde raad, uitgelê as 'n verwysing na die Raad.

Instelling en beheer van Sentrale Verkeersveiligheidsfonds.

**15.** (1) Die Raad stel 'n fonds in wat die Sentrale Verkeersveiligheidsfonds heet en waarin gestort word—

(*a*) al die geld wat ingevolge artikel 14 'n bate van die Raad word en al die geld wat verkry word deur die tegeldemaking van 'n bate van die Raad;

(*b*) al die geld wat die Raad uit hoofde van die bepalings van artikel 25 ontvang;

(*c*) geld wat die Parlement vir die doeleindes van die Raad bewillig;

(*d*) enige ander geld wat die Raad uit enige ander bron toeval.

(2) Die Fonds word bestuur deur die Raad, en die geld in die Fonds word, behoudens die bepalings van subartikel (3),

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



and exercise all the powers, of the Council, but it shall not have the power, save in so far as the Council may otherwise direct, to set aside or vary a decision of the Council.

**Meetings of Managing Committee.**

**11.** (1) The Managing Committee shall meet at such times and places as the chairman or, if he is absent, the deputy chairman of the Managing Committee may determine.

(2) The chairman or, if he is absent, the deputy chairman of the Managing Committee shall preside at all meetings of the Managing Committee.

(3) The decision of not less than two members of the Managing Committee shall constitute a decision of the Managing Committee.

**Validity of acts and decisions of Council and Managing Committee.**

**12.** No act or decision of the Council or the Managing Committee shall be invalid by reason only of the fact that a person who was entitled to receive notice of a meeting of the Council or the Managing Committee did not receive such notice, or by reason only of the fact that a person who was disqualified from being a member of the Council or the Managing Committee, or in whose appointment there was some defect, acted as a member of the Council or the Managing Committee, as the case may be, when such act was performed or such decision was taken, whether or not such person's concurrence was necessary for the performance of that act or the taking of that decision.

**Remuneration and allowances of members of Council and Managing Committee, and Director.**

**13.** (1) The Council shall pay the remuneration and allowances of the members of the Council and the Managing Committee and of the Director, save the remuneration of any such person who is a member of the public service.

(2) (*a*) A member of the Council or the Managing Committee who is a member of the public service, or the Director, if he is such a member, shall not be paid, in respect of services rendered by him, any remuneration in addition to his salary as a member of the public service, and such a person who is a member of the public service shall not be paid an allowance in respect of subsistence and travelling expenses at a rate higher than that applicable to him as a member of the public service.

(*b*) If the Minister, after consultation with the Minister of Finance, is of opinion that such a member devotes the whole or a substantial portion of his time to his functions as a member of the Council or the Managing Committee or as Director, the Minister may, after such consultation, direct the Council to refund to the State the remuneration paid to such person as a member of the public service, or so much thereof as the Minister may after such consultation determine.

**Passing of assets, rights, liabilities and obligations from Road Safety Council to the Council.**

**14.** As from the fixed date all assets, rights, liabilities and obligations of the Road Safety Council shall, subject to the provisions of this Act and without payment of transfer duty, stamp duty or other fees, become assets, rights, liabilities and obligations of the Council, and any reference in any law or document to the first-mentioned council shall be construed as a reference to the Council.

**Establishment and control of Central Road Safety Fund.**

**15.** (1) The Council shall establish a fund, to be known as the Central Road Safety Fund, into which shall be paid—

(*a*) all moneys which in terms of section 14 become an asset of the Council, and all moneys derived from the realization of any assets of the Council;

(*b*) all moneys received by the Council by virtue of the provisions of section 25;

(*c*) moneys appropriated by Parliament for the purposes of the Council;

(*d*) all other moneys which may accrue to the Council from any other source.

(2) The Fund shall be administered by the Council, and the moneys in the Fund shall, subject to the provisions of sub-

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





aangewend ter bestryding van die uitgawes wat die Raad by die verrigting van sy werksaamhede en die uitoefening van sy bevoegdhede aangaan.

(3) Die Raad gaan geen uitgawes aan nie, behalwe ooreenkomstig 'n raming van uitgawes wat deur die Minister ingevolge subartikel (4) goedgekeur is.

(4) Een maal gedurende elke boekjaar (wat eindig op die een-en-dertigste Maart), op die tydstip wat die Minister gelas, moet die Raad aan die Minister, vir sy goedkeuring, ramings van die inkomste en uitgawes van die Raad gedurende die volgende boekjaar voorlê, en die Raad kan ook gedurende die loop van 'n boekjaar aan die Minister, vir sy goedkeuring, aanvullende ramings van uitgawes vir daardie jaar voorlê.

Hou van aantekeninge, opmaak van rekening- en balansstaat en ouditering.

**16.** (1) Die Raad laat behoorlike aantekeninge hou van al die geld deur hom ontvang of bestee en van al sy bates en laste en van al sy finansiële transaksies, en moet so gou doenlik na die end van elke boekjaar rekeningstate en 'n balansstaat laat opmaak wat, met al die gepaste besonderhede, die geld deur hom ontvang en die uitgawes deur hom aangegaan gedurende, en sy bates en laste aan die end van, daardie boekjaar aantoon.

(2) Die aantekeninge, rekeningstate en balansstaat bedoel in subartikel (1) word deur die Kontroleur en Ouditeur-generaal geouditeer, en wel teen die vergoeding waaroor ooreengekom word of, by ontstentenis van ooreenkoms, wat die Minister van Finansies bepaal.

Diensstaat en diensvoorwaardes van personeel van Raad.

**17.** (1) Die Minister bepaal, na oorleg met die Raad en die Minister van Finansies, die diensstaat van die Raad.

(2) Die diensvoorwaardes van die beamptes en werknemers van die Raad word by regulasie voorgeskryf.

(3) Elke beampte en elke werknemer van die Raad ontvang die salaris, loon of vergoeding en toelaes wat die Raad met inagneming van die regulasies in sy geval bepaal.

(4) Met die goedkeuring van die Minister en onderworpe aan die voorwaardes wat hy bepaal, kan die Raad 'n persoon in diens neem wat ooreenkomstig die bepalings van artikel 13 (6) van die Staatsdienswet, 1957 (Wet No. 54 van 1957), of op 'n ander wyse aan die diens van die Raad afgestaan word.

Indienshouding en diensvoorwaardes van beamptes en werknemers van Padveiligheidsraad.

**18.** (1) Iemand wat onmiddellik voor die vasgestelde datum as 'n beampte of werknemer in die voltydse diens van die Padveiligheidsraad was, word vanaf die vasgestelde datum 'n beampte of werknemer, na gelang van die geval, van die Raad.

(2) Behalwe soos uitdruklik anders in hierdie Wet bepaal, bly die diensvoorwaardes van iemand bedoel in subartikel (1) soos dit onmiddellik voor die vasgestelde datum was, en behalwe met sy eie toestemming of ooreenkomstig 'n bepaling van hierdie Wet of 'n ander wet, word die salaris of loon en salaris- of loonskaal waarteen of waarvolgens so iemand onmiddellik voor die vasgestelde datum besoldig was, nie verminder nie.

(3) Nieteenstaande enige beperking ten opsigte van leeftyd of opvoedkundige kwalifikasies wat by regulasie voorgeskryf word, maar onderworpe andersins aan die bepalings van enige sodanige regulasie, kan iemand in subartikel (1) bedoel, wat nog nie die leeftyd bereik het wat vir die aftrede van beamptes of werknemers van die Raad voorgeskryf is nie, ingevolge artikel 7 aangestel word op proef of andersins in 'n pos wat ingevolge artikel 17 (1) ingestel is, mits die Raad oortuig is dat so iemand genoegsaam bedrewe is in die gebruik van albei amptelike tale van die Republiek om hom in staat te stel om die pligte aan daardie pos verbonde, op bekwame wyse na te kom.

(4) Die salaris of loon van iemand wat ingevolge subartikel (3) aangestel is, word aangepas by die salaris- of loonskaal wat op die pos waarin hy aangestel is, van toepassing is, teen die kerf op daardie skaal wat die Raad bepaal.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



section (3), be utilized to defray the expenses incurred by the Council in the performance of its functions and the exercise of its powers.

(3) The Council shall not incur any expenses except in accordance with an estimate of expenditure approved by the Minister in terms of subsection (4).

(4) Once during every financial year (which shall end on the thirty-first of March), at such time as the Minister may direct, the Council shall submit to the Minister, for his approval, estimates of the income and expenditure of the Council during the ensuing financial year, and the Council may also, during the course of a financial year, submit to the Minister, for his approval, supplementary estimates of expenditure for that year.

**Keeping of records, preparation of statement of accounts and balance sheet, and audit.**

**16.** (1) The Council shall cause proper records to be kept of all moneys received or expended by it, and of all its assets and liabilities and of all its financial transactions, and shall as soon as possible after the end of each financial year cause statements of account and a balance sheet to be prepared showing, with all appropriate particulars, the moneys received and the expenditure incurred by it during, and its assets and liabilities at the end of, that financial year.

(2) The records, statements of account and balance sheet referred to in subsection (1) shall be audited by the Controller and Auditor-General, at such remuneration as may be agreed upon or, in the absence of agreement, as the Minister of Finance may determine.

**Establishment, and conditions of service of staff, of Council.**

**17.** (1) The Minister shall after consultation with the Council and the Minister of Finance determine the establishment of the Council.

(2) The conditions of service of the officers and employees of the Council shall be prescribed by regulation.

(3) Every officer and every employee of the Council shall receive such salary, wage or remuneration and allowances as the Council may subject to the regulations determine in his case.

(4) The Council may with the approval of the Minister and subject to such conditions as he may determine engage any person seconded to the service of the Council in accordance with the provisions of section 13 (6) of the Public Service Act, 1957 (Act No. 54 of 1957), or in any other manner.

**Continued employment and conditions of service of officers and employees of Road Safety Council.**

**18.** (1) Any person who immediately prior to the fixed date was in the full-time employ of the Road Safety Council as an officer or an employee shall, from the fixed date, become an officer or an employee, as the case may be, of the Council.

(2) Save as is expressly otherwise provided in this Act, the conditions of service of any person referred to in subsection (1) shall continue as they were immediately prior to the fixed date and, except with his own consent or in accordance with a provision of this Act or any other law, the salary or wage and the scale of salary or wage at or in accordance with which any such person was remunerated immediately prior to the fixed date, shall not be reduced.

(3) Notwithstanding any limitation in respect of age or educational qualifications which may be prescribed by regulation, but subject otherwise to the provisions of any such regulation, any person referred to in subsection (1) who has not yet attained the age prescribed for the retirement of officers or employees of the Council, may in terms of section 7 be appointed on probation or otherwise to a post established in terms of section 17 (1), provided the Council is satisfied that such person is sufficiently proficient in the use of both official languages of the Republic to enable him to discharge efficiently the duties attached to that post.

(4) The salary or wage of any person appointed in terms of subsection (3) shall be adjusted to the scale of salary or wage applicable to the post to which he has been appointed, at such notch on that scale as may be determined by the Council.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(5) Indien die salaris of loon wat van tyd tot tyd aan iemand ingevolge subartikel (4) betaalbaar is, minder is as die salaris of loon waarop hy geregtig was of sou gewees het ooreenkomstig die salaris- of loonskaal wat onmiddellik voor die vasgestelde datum op hom as 'n beampte of werknemer van die Padveiligheidsraad van toepassing was, moet aan hom 'n toelae betaal word gelyk aan die verskil tussen eersgenoemde en laasgenoemde salarisse of lone, na gelang van die geval.

Voortbestaan van die Personeelpensioenfonds van die Nasionale Padveiligheidsorganisasie.

**19.** (1) Ondanks die herroeping van die Wet op die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad, 1960 (Wet No. 1 van 1960), deur hierdie Wet, bly die Personeelpensioenfonds vermeld in artikel 20 van eersgenoemde Wet voortbestaan, behoudens die bepalings van die reëls wat genoemde Fonds reël.

(2) Almal wat onmiddellik voor die vasgestelde datum lede van genoemde Personeelpensioenfonds was, hou aan om, behoudens die bepalings van genoemde reëls en artikel 20 van hierdie Wet, lede daarvan te wees, en by die toepassing van dié reëls ten opsigte van sodanige lede word diens by die Raad geag diens by die Padveiligheidsraad te wees.

(3) Genoemde reëls kan van tyd tot tyd deur die Minister op aanbeveling van die Raad van Trustees van genoemde Personeelpensioenfonds en na oorleg met die Raad, by regulasie gewysig word: Met dien verstande dat die regte en voordele van iemand wat reeds 'n lid van genoemde pensioenfonds is, nie deur so 'n wysiging op nadelige wyse geraak mag word nie.

Instelling van pensioen- of voorsorgfondse en ander skemas.

**20.** (1) Die Raad kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister—

(*a*) pensioen- of voorsorgfondse vir die beamptes en werknemers van die Raad, bykomend by of ter vervanging van die pensioenfonds vermeld in artikel 19 (1) of enige ander pensioen- of voorsorgfonds; en

(*b*) onderlinge of geneeskundige hulpverenigings en huiseienaarskemas vir genoemde beamptes en werknemers,

instel en voortsit of help met die instelling en voortsetting daarvan, hetsy by wyse van assuransiekontrakte aangegaan deur of namens genoemde beamptes en werknemers of op 'n ander manier.

(2) Die Raad kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister, sy beamptes of werknemers wat uitgesluit is van die omskrywing van „werksman" in artikel 3 van die Ongevallewet, 1941 (Wet No. 30 van 1941), sonder inagneming van subartikel (1) (*b*) van genoemde artikel, verseker teen arbeidsongeskiktheid of dood as gevolg van ongevalle of vergoedingspligtige siektes soos in daardie Wet omskrywe, hetsy by wyse van 'n spesiale reëling met die Ongevallekommissaris soos in genoemde artikel bepaal, of op 'n ander wyse.

(3) Die Raad kan, onderworpe aan die goedkeuring van die Minister, en op die voorwaardes wat die Minister by verlening van sodanige goedkeuring bepaal, die beamptes en werknemers van die Raad ten opsigte van wie die Raad dit nodig ag, verseker teen arbeidsongeskiktheid of dood wat opgedoen word of plaasvind by die uitvoering van hulle pligte, ter aanvulling van enige skadeloosstelling ooreenkomstig die bepalings van die Ongevallewet, 1941.

(4) 'n Pensioen- of voorsorgfonds of onderlinge of geneeskundige hulpvereniging of huiseienaarskema wat ingevolge subartikel (1) ingestel is, word bestuur op die wyse by regulasie voorgeskryf.

Versekering teen vermoënskade of -verlies en eise.

**21.** Die Raad kan met 'n versekeraar reël vir versekering teen enige vermoënskade of -verlies of teen eise van enige aard of sekere klasse eise wat teen die Raad ingestel word deur of ten opsigte van persone in die algemeen of deur of ten opsigte van sekere klasse persone of deur of ten opsigte van bepaalde persone of eiendom.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(5) If the salary or wage payable from time to time to any person in terms of subsection (4) is less than the salary or wage to which he was or would have been entitled in accordance with the scale of salary or wage applicable to him as an officer or an employee of the Road Safety Council immediately prior to the fixed date, there shall be paid to him an allowance equal to the difference between the first-mentioned and the last-mentioned salaries or wages, as the case may be.

Continued existence of the National Road Safety Organization Personnel Superannuation Fund.

**19.** (1) Notwithstanding the repeal of the South African Road Safety Council Act, 1960 (Act No. 1 of 1960), by this Act, the Personnel Superannuation Fund referred to in section 20 of the first-mentioned Act shall continue to exist, subject to the provisions of the rules governing the said Fund.

(2) All persons who immediately prior to the fixed date were members of the said Personnel Superannuation Fund, shall, subject to the provisions of the said rules and section 20 of this Act, continue to be members thereof, and in the application of such rules in respect of such members, service with the Council shall be deemed to be service with the Road Safety Council.

(3) The said rules may from time to time be amended by the Minister by regulation on the recommendation of the Board of Trustees of the said Personnel Superannuation Fund and after consultation with the Council: Provided that the rights and benefits of any person who already is a member of the said superannuation fund, shall not be prejudicially affected by any such amendment.

Establishment of pension or provident funds and other schemes.

**20.** (1) The Council may, subject to the approval of the Minister, establish and conduct or assist in establishing or conducting—

(*a*) pension or provident funds for the officers and employees of the Council, either in addition to or in substitution of the superannuation fund referred to in section 19 (1) or any other pension or provident fund; and

(*b*) mutual or medical benefit societies and home ownership schemes for the said officers and employees,

either by way of contracts of insurance entered into by or on behalf of the said officers and employees or in some other manner.

(2) The Council may, subject to the approval of the Minister, insure such of its officers or employers as are excluded from the definition of "workman" in section 3 of the Workmen's Compensation Act, 1941 (Act No. 30 of 1941), without having regard to subsection (1) (*b*) of the said section, against disablement or death resulting from accidents or scheduled diseases as defined in that Act, either by way of special arrangement with the Workmen's Compensation Commissioner as provided for in the said section or in some other manner.

(3) The Council may, subject to the approval of the Minister, and subject to such conditions as the Minister may determine when granting such approval, insure any of its officers and employees in respect of whom the Council considers it necessary to do so, against disablement or death sustained or taking place in the execution of their duties, to supplement any indemnification in accordance with the provisions of the Workmen's Compensation Act, 1941.

(4) Any pension or provident funds or mutual or medical benefit societies or home ownership schemes established in terms of subsection (1) shall be administered in the manner prescribed by regulation.

Insurance against patrimonial damage or loss or claims.

**21.** The Council may arrange with an insurer for insurance against any patrimonial damage or loss or against claims of any nature or certain classes of claims which may be instituted against the Council by or in respect of persons generally or by or in respect of certain classes of persons or by or in respect of particular persons or property.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





Bydraes tot en uitgawes aangegaan in verband met pensioen- en voorsorgfondse en sekere verenigings en skemas.

**22.** (1) Indien die Minister, na oorleg met die Minister van Finansies, van oordeel is dat 'n lid van die Raad wat 'n lid van die Staatsdiens is, al sy tyd of 'n aansienlike deel van sy tyd aan sy werksaamhede as 'n lid van die Raad bestee, kan die Minister, na sodanige oorleg, gelas dat die Raad 'n bedrag wat die Staat ten opsigte van dié lid aan 'n fonds bedoel in subartikel (2) betaal, of soveel daarvan as wat die Minister na sodanige oorleg bepaal, aan die Staat vergoed.

(2) Die Raad betaal aan 'n pensioen- of voorsorgfonds of onderlinge of mediese hulpvereniging of huiseienaarskema ten opsigte van iemand in diens van die Raad die bydraes wat ten opsigte van so iemand deur sy werkgewer betaalbaar is ingevolge die reëls of regulasies wat dié fonds, vereniging of skema reël, of vergoed die Staat of iemand vir sodanige bydraes deur die Staat of so iemand betaal.

(3) Die Raad betaal die uitgawes wat deur die Raad van Trustees van die pensioenfonds vermeld in artikel 19 by die verrigting van sy werksaamhede noodsaaklikerwys aangegaan word.

Verslae deur Raad.

**23.** (1) Die Raad moet, so gou doenlik na die end van elke boekjaar, aan die Minister 'n verslag verstrek ten opsigte van—

(*a*) die uitwerking van wetgewing beoog in subartikel (1), of van regulasies bedoel in subartikel (2), van artikel 26; en

(*b*) sy werk gedurende daardie boekjaar, tesame met 'n balansstaat en 'n volledige staat van sy inkomste en uitgawes vir daardie boekjaar,

en moet in die verslag aldus verstrek, ook besonderhede verstrek aangaande—

(i) die omvang en waarde van alle soorte eiendom wat hy besit;

(ii) die bestuurs- en administrasiekoste en alle ander uitgawes deur hom aangegaan;

(iii) die oprigting, bou, herstel, verbetering of verandering van enige gebou of uitrusting en die koste daarvan;

(iv) die prys of huurgeld van enige grond of ander onroerende goed verkry of gehuur; en

(v) enige ander aangeleentheid ten opsigte waarvan die Minister hom versoek om in die verslag mee te handel.

(2) Elke verslag wat kragtens subartikel (1) verstrek word, word deur die Minister in die Senaat en in die Volksraad ter Tafel gelê binne dertig dae na ontvangs daarvan deur hom, indien die Parlement in gewone sessie is of, indien die Parlement nie in gewone sessie is nie, na die aanvang van sy eersvolgende gewone sessie.

Bevoegdhede van Minister ten aansien van aanbevelings van Raad.

**24.** Die Minister kan 'n aanbeveling van die Raad aanvaar, wysig, verwerp of na die Raad vir heroorweging terugverwys.

Heffing op motorvoertuie.

**25.** (1) 'n Heffing van vyftig sent is betaalbaar op elke motorvoertuig, soos omskryf in artikel 1 van die Motorvoertuigassuransiewet, 1942 (Wet No. 29 van 1942),—

(*a*) wat ingevolge artikel 19 (1) van dié Wet nie op 'n openbare pad bestuur mag word nie tensy dit ingevolge artikel 3 of 5 van genoemde Wet verassureer is of ingevolge artikel 21 daarvan van die bepalings van genoemde artikel 19 (1) vrygestel is, of wat in artikel 19 (2) (*b*) van genoemde Wet bedoel word; of

(*b*) wat in artikel 19 (2) (*a*) van genoemde Wet bedoel word en gebruik word op 'n openbare pad of 'n plek waartoe die publiek toegang het, uitgesonderd 'n motorvoertuig waarvan 'n ander staat of 'n regering buite die Republiek die eienaar is.

(2) Die heffing is betaalbaar deur die eienaar van die betrokke motorvoertuig soos in artikel 1 van die Motorvoertuigassuransiewet, 1942, omskryf, en wel—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Contributions to and expenses incurred in connection with pension and provident funds and certain societies and schemes.

**22.** (1) If the Minister, after consultation with the Minister of Finance, is of opinion that a member of the Council who is a member of the public service, devotes the whole or a substantial portion of his time to his functions as a member of the Council, the Minister may, after such consultation, direct the Council to refund to the State any amount paid by the State in respect of such member to a fund referred to in subsection (2), or so much thereof as the Minister may after such consultation determine.

(2) The Council shall pay to any pension or provident fund or mutual or medical benefit society or home ownership scheme, in respect of any person in the employ of the Council, the contributions payable in respect of such person by his employer in terms of the rules or regulations governing such fund, society or scheme, or refund to the State or any person any such contributions paid by the State or such person.

(3) The Council shall pay the expenses necessarily incurred by the Board of Trustees of the superannuation fund mentioned in section 19 in the performance of its functions.

Reports by Council.

**23.** (1) The Council shall, as soon as possible after the end of each financial year, furnish the Minister with a report in respect of—

(*a*) the effect of any legislation contemplated in subsection (1), or of any regulations contemplated in subsection (2), of section 26; and

(*b*) its work during that financial year, together with a balance sheet and a full statement of its income and expenditure for that financial year,

and shall, in the report so furnished, also give particulars as to—

(i) the extent and value of all classes of property held by it;

(ii) the expenses of management and administration and all other expenses incurred by it;

(iii) the erection, construction, repair, improvement or alteration of any building or equipment, and the costs thereof;

(iv) the price or rent of any land or other immovable property acquired or hired; and

(v) any other matter which the Minister may require it to deal with in the report.

(2) Every report furnished under subsection (1) shall be laid by the Minister upon the Table of the Senate and of the House of Assembly within thirty days after receipt thereof by him, if Parliament is in ordinary session or, if Parliament is not in ordinary session, after the commencement of its next ensuing ordinary session.

Powers of Minister in regard to recommendations of Council.

**24.** The Minister may accept, amend or reject any recommendation of the Council or remit it to the Council for reconsideration.

Levy on motor vehicles.

**25.** (1) A levy of fifty cents shall be payable on every motor vehicle, as defined in section 1 of the Motor Vehicle Insurance Act, 1942 (Act No. 29 of 1942),—

(*a*) which in terms of section 19 (1) of the said Act may not be driven on a public road unless it has in terms of section 3 or 5 of the said Act been insured or has in terms of section 21 thereof been exempted from the provisions of the said section 19 (1), or which is referred to in section 19 (2) (*b*) of the said Act; or

(*b*) which is referred to in section 19 (2) (*a*) of the said Act and is used on a public road or a place to which the public have access, excluding any motor vehicle of which another state or a government outside the Republic is the owner.

(2) The levy shall be payable by the owner of the motor vehicle in question as defined in section 1 of the Motor Vehicle Insurance Act, 1942, and—

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998





(*a*) in die geval van 'n motorvoertuig in subartikel 1 (*a*) van hierdie artikel bedoel, ten opsigte van iedere toepaslike assuransietydperk soos aldus omskryf, wat 'n aanvang neem na die inwerkingtreding van hierdie Wet, of ten opsigte van 'n gedeelte van so 'n tydperk waarvoor so 'n motorvoertuig kragtens genoemde Wet verassureer word of ingevolge artikel 21 van dié Wet van die bepalings van artikel 19 (1) daarvan vrygestel word; en

(*b*) in die geval van 'n motorvoertuig in subartikel 1 (*b*) bedoel, ten opsigte van iedere tydperk van 1 Mei in enige jaar tot 30 April in die volgende jaar, of 'n gedeelte van so 'n tydperk, waarin die motorvoertuig besit word.

(3) Vir die doeleindes van die betaling van die heffing in die geval van 'n motorvoertuig in subartikel (1) (*a*) bedoel, word die bedrag van die premie wat ingevolge die Motorvoertuigassuransiewet, 1942, vir die assuransie van 'n motorvoertuig betaalbaar is, met 'n bedrag van vyftig sent verhoog, en behoudens die bepalings van subartikel (6) word laasgenoemde bedrag vir alle doeleindes geag deel van daardie premie te wees.

(4) Vir die doeleindes van die berekening van die heffing in die geval van assuransie ooreenkomstig artikel 5 van die Motorvoertuigassuransiewet, 1942, is die getal motorvoertuie wat die betrokke eienaar besit, die getal waarop hy en die betrokke verassureerder ooreenkom.

(5) Die Minister reik nie aan iemand 'n teken ingevolge subartikel (2) van artikel 21 van die Motorvoertuigassuransiewet, 1942, uit nie, tensy so iemand aan die Minister die heffing, benewens die bedrag in genoemde subartikel vermeld, betaal het.

(6) Bedrae by wyse van heffing ingevolge hierdie artikel deur iemand anders as die Raad ontvang, word een maal per maand aan die Raad oorbetaal.

Sekere wetgewing betreffende verkeersveiligheid.

**26.** (1) (*a*) Die Minister kan 'n aanbeveling van die Raad wat hy aanvaar het, na die uitvoerende komitee van 'n provinsie of die gebied Suidwes-Afrika verwys met die versoek dat vir sover die aanbeveling betrekking het op 'n aangeleentheid wat binne die bevoegdheid van die betrokke provinsiale raad of die wetgewende vergadering van genoemde gebied val, gepaste wette gemaak word om aan die aanbeveling uitvoering te gee.

(*b*) Indien so 'n aanbeveling nie vir 'n betrokke uitvoerende komitee aanvaarbaar is nie, moet die Minister, indien dié uitvoerende komitee dit versoek, hom 'n geleentheid bied om vertoë tot die Minister in verband met die aangeleentheid te rig.

(*c*) Indien die Minister na oorweging van genoemde vertoë nogtans oortuig is dat uitvoering van die aanbeveling verkeersveiligheid sal bevorder, kan hy by die Staatspresident aanbeveel dat regulasies ingevolge subartikel (2) uitgevaardig word om aan die aanbeveling uitvoering te gee.

(2) Die Staatspresident kan op aanbeveling van die Minister en by proklamasie in die *Staatskoerant* regulasies uitvaardig om verkeersveiligheid in die Republiek te bevorder.

(3) Verskillende regulasies kan kragtens subartikel (2) ten opsigte van verskillende gebiede of paaie uitgevaardig word.

(4) Regulasies kragtens subartikel (2) kan strawwe vir die oortreding daarvan of versuim om daaraan te voldoen, voorskryf.

(5) In die geval van botsing tussen 'n regulasie kragtens subartikel (2) uitgevaardig en 'n ordonnansie of 'n regulasie of verordening kragtens 'n ordonnansie uitgevaardig, geld eersgenoemde regulasie.

Regulasies.

**27.** (1) Die Minister kan, na oorleg met die Raad, regulasies uitvaardig betreffende—

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*a*) in the case of a motor vehicle referred to in subsection (1) (*a*) of this section, in respect of every appropriate insurance period, as so defined, which commences after the commencement of this Act, or in respect of any portion of such period for which any such motor vehicle is insured under the said Act or is in terms of section 21 of that Act exempted from the provisions of section 19 (1) thereof; and

(*b*) in the case of a motor vehicle referred to in subsection (1) (*b*), in respect of every period from the first May in any year to the thirtieth April in the following year, or any portion of such period, during which the motor vehicle is owned.

(3) For the purposes of the payment of the levy in the case of a motor vehicle referred to in subsection (1) (*a*), the amount of the premium payable in terms of the Motor Vehicle Insurance Act, 1942, for the insurance of a motor vehicle, shall be increased by an amount of fifty cents, and the last-mentioned amount shall, subject to the provisions of subsection (6), for all purposes be deemed to be portion of that premium.

(4) For the purposes of the calculation of the levy in the case of insurance in accordance with section 5 of the Motor Vehicle Insurance Act, 1942, the number of motor vehicles which the owner in question owns shall be the number agreed upon between himself and the insurer in question.

(5) The Minister shall not issue to any person a token in terms of subsection (2) of section 21 of the Motor Vehicle Insurance Act, 1942, unless such person has paid, in addition to the amount referred to in the said subsection, the levy to the Minister.

(6) Any amount received by way of levy in terms of this section by any person other than the Council, shall once in a month be paid over to the Council.

Certain legislation relating to road safety.

**26.** (1) (*a*) The Minister may refer any recommendation of the Council accepted by him to the executive committee of a province or the territory of South-West Africa with a request that, as far as the recommendation relates to a matter falling within the power of the provincial council concerned or the legislative assembly of the said territory, appropriate laws be made to give effect to the recommendation.

(*b*) If any such recommendation is not acceptable to any executive committee concerned, the Minister shall, if requested thereto by such executive committee, afford it an opportunity to make representations to him in connection with the matter.

(*c*) If after consideration of the said representations, the Minister is nevertheless satisfied that the giving of effect to the recommendation will promote road safety, he may recommend to the State President that regulations be made in terms of subsection (2) to give effect to the recommendation.

(2) The State President may on the recommendation of the Minister and by proclamation in the *Gazette* make regulations to promote road safety in the Republic.

(3) Different regulations may under subsection (2) be made in respect of different areas or roads.

(4) Regulations under subsection (2) may prescribe penalties for a contravention thereof or failure to comply therewith.

(5) In the event of a conflict between a regulation made under subsection (2) and an ordinance or a regulation or by-law made under an ordinance, the first-mentioned regulation shall prevail.

Regulations.

**27.** (1) The Minister may, after consultation with the Council, make regulations as to—

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*a*) die byeenroep en beheer van, en die prosedure en kworum by, vergaderings van die Raad en die Bestuurskomitee;

(*b*) 'n aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word;

(*c*) in die algemeen 'n aangeleentheid wat hy nodig of dienstig ag om voor te skryf vir die doeltreffende uitoefening of verrigting deur die Raad of die Bestuurskomitee van sy bevoegdhede en werksaamhede ingevolge hierdie Wet.

(2) Regulasies kragtens subartikel (1) betreffende die diensvoorwaardes van die beamptes en werknemers van die Raad word slegs na oorleg met die Minister van Finansies uitgevaardig.

Herroeping van Wet 1 van 1960, Wet 53 van 1965 en Wet 47 van 1966.

**28.** Die Wet op die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad, 1960, die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad, 1965, en die Wysigingswet op die Suid-Afrikaanse Padveiligheidsraad, 1966, word hierby herroep.

Waar Wet van toepassing is.

**29.** Hierdie Wet en iedere wysiging daarvan is ook van toepassing in iedere gebied ten opsigte waarvan die Parlement wetgewende bevoegdheid besit.

Kort titel en inwerkingtreding.

**30.** Hierdie Wet heet die Wet op Nasionale Verkeersveiligheid, 1972, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



(*a*) the convening and control of, and the procedure and quorum at, meetings of the Council and the Managing Committee;

(*b*) any matter which is in terms of this Act required or permitted to be prescribed by regulation;

(*c*) generally any matter which he considers it necessary or expedient to prescribe for the effective exercise or performance by the Council or the Managing Committee of its powers and functions in terms of this Act.

(2) Regulations under subsection (1) relating to the conditions of service of the officers and employees of the Council shall only be made after consultation with the Minister of Finance.

**28.** The South African Road Safety Council Act, 1960, the South African Road Safety Council Amendment Act, 1965, and the South African Road Safety Council Amendment Act, 1966, are hereby repealed. Repeal of Act 1 of 1960, Act 53 of 1965 and Act 47 of 1966.

**29.** This Act and any amendment thereof shall also apply in every territory in respect of which Parliament is competent to legislate. Where Act applicable.

**30.** This Act shall be called the National Road Safety Act, 1972, and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*. Short title and commencement.